

## INHOUDSOPGAWE

Dit is maar net tien sent 1

Uit die verre verlede 3

Aan wie behoort jy? 5

Kersfees en sending 7

Om God te ken is die lewe 9

## REDAKSIE:

- Ds E Viljoen, Bellville  
emyn04@gmail.com
- Ds J van der Linden,  
Johannesburg  
jopie1976@gmail.com

## DIT IS MAAR NET TIEN SENT

*J van Langevelde*

*“Want wie verag die dag van klein dinge?”  
Sagaria 4:10*

Ek klim uit die motor en sien op die grond van die parkeerterrein 'n tien sent lê. “Stefan”, sê ek ewe opgewonde vir my seuntjie, “kyk, daar lê geld!” Toe hy die muntstuk sien, trek hy net sy skouers op en sê: “Aag, dit is maar net 'n tien sent”, en stap verder. Dit moes seker minstens eers tien rand gewees het, voordat dit vir hom die moeite werd sou wees om te buk en dit op te tel.

### Moderne lewensuitkyk

“Dit is maar net tien sent”: 'n tipiese uiting van die moderne lewensuitkyk. Ons tyd is verslaaf aan die groot en skouspelagtige dinge. Kampioen-liga sport, 'n eerste prys van miljoene rande, en skreeuende opskrifte op die voorblad. Vir iets gewoons raak mense nie meer opgewonde nie.

In só 'n lewensklimaat, waarin alles “big” moet wees, word ook die hart van die evangelie maklik oor die hoof gesien, omdat dit, oppervlakkig gesien, maar op dieselfde vlak is as “dit is maar net tien sent”. Dit hoort dus nie in 'n lawaaierige reklamekultuur nie.

Daarom mag dit 'n wonder genoem word dat die hele wêreld binne kort



weer Kersfees vier.

Juis oor die kind in die krip kan immers gesê word dat dit met die eerste oogopslag alles behalwe aantreklik is! Jesus se geboorte in Betlehem val in die kategorie van “klein dinge”, ja, “tien sente”.

### Die dag van die klein dinge

“Die dag van die klein dinge”: wat 'n juweeltjie van 'n uitdrukking in die vyfde gesig van Sagaria.

Ons verplaas ons hiermee in gedagte na die herbou van die tempel in Jerusalem. Toe Serubbábel daarmee begin het, het hy heelwat kommentaar en negatiewe opmerkings en spot moes verduur, want die mense vind die herbouprojek sinloos. Met hande in die broeksakke staan hulle op 'n veilige afstand en kritiek lewer, soos wafferse goeie bestuurders. Veral die ouer manne, wat die hele dag tyd het om by die bouery te staan en kyk, het

hulle woorde gereed: “Haai man, dit is tog niks in vergelyking met die vorige tempel nie! Nee, die tempel van Salomo, toe ons nog jonk was, dít was nou vir jou ’n tempel! Hierdie een kom nie naastenby by die pragstuk van vroeër nie.”

Miskien was daar ook timmermanne en messellaars wat dit ernstig oorweeg het om hulle hamer en troffel maar neer te lê, aangesien die nuwe tempel tog blykbaar nie veel werd is nie. Bowendien — wat ’n opoffering! Alles moet in geheel van die grond af opgebou word.

Daarvoor is heelwat moed en geduld en deursettingsvermoë nodig.

**Tiperend van die werkwyse van die Almagtige is dat dit alles – altans so op die oog af – heel matig en beskeie begin.**

Wel, in hierdie omstandighede van twyfel oor of dit werklik die moeite werd is om met die bouwerk te help, en die kritiek dat die resultaat niks was in vergelyking met die vorige tempel nie, kry die profeet Sagaria die visioen waarin die engel van die Here vir hom sê: “*wie verag die dag van klein dinge?*”(vs. 10). Die engel bevestig dat dit ’n goeie idee is om die tempel te herbou. Daarvoor is daar inderdaad heelwat geduld en moed en deursettingsvermoë nodig.

God staan 100% agter dié projek. Die projek dra sy volle seën weg, en daarom is dit goed!

Die herbou van die tempel sal voltooi word. Wat met die onderste steen begin word, sal uiteindelik eindig met die sluitsteen (die middelste steen van ’n boog) (vs. 7).

### **Die werkwyse van die Almagtige**

Ons raak nou hier aan die kern van God se manier van doen in die wêreld. Tiperend van die

werkwyse van die Almagtige is dat dit alles – altans so op die oog af – heel matig en beskeie begin. Paulus skryf oor die geboorte van Christus dat dié wonder hom “in die volheid van die tyd” voltrek het. Op die regte uur van God se heilswerk kom Hy met die grootste (sy Seun), maar in die kleinste vorm aangebied: in ’n krip, in doeke toegedraai, weggesteek in ’n stal in die dorpie Bethlehem.

Wat stel Hy nou voor? Moet die wêreld van Hom die heil en verlossing verwag? In die jare daarna word dit alles nie veel aantrekliker nie. Wees nou maar eerlik: wat kon verwag word van ’n baba in ’n krip, en wat stel ’n sterwende “koning” Jesus aan die kruis voor, as dit gaan oor die redding van die wêreld?

Maar die Here sê: “verag die dag van die klein dinge nie”, want in die oënskynlike klein is die belofte van die grootste en allesomvattende opgesluit.

### **Wie nie die klein dinge na waarde skat nie ...**

Wie verag die dag van klein dinge? God doen dit nie. Hy hou van ’n krip, werk graag met mosterdsaadjies en let veral op ’n beker koue water. Gee Hom maar eerder ’n klein klippe in die slingervel van klein Dawid as, die tot die tande toe gewapende, Goliat.

Hy plaas sy oor luisterend in die binnekamer. God hou van die kleine en onaansienlike. Onder Sy seën groei dit egter uit tot die grootste. “Groei” wil sê dat die Here sy tyd neem vir die uitvoering van Sy heilsplan. Intussentyd kom sy Koninkryk gaandeweg al nader. Deur niks en niemand kan die opmars daarvan gestuit word nie.

Dit kom daarop neer dat ons onself betyds by die krip moet gaan verwonder en ons by die kruis moet gaan verootmoedig, terwyl ons nog kan.

**Weak doctrines will not be a match for powerful temptations.**

- William S Plumer

Want by daardie, op die oog af, klein en veragtelike dinge, wil die Here die grootste

denkbare wonder verrig — die redding van my as sondaar!

## UIT DIE VERRE VERLEDE

*M Brink*



Dit was in die tyd van Hiskia. Swart rookwolke het oral bo die heuwels uitgestyg. Die mense kon dit sien vanaf die mure van Jerusalem. Hul mae het op 'n knop getrek oor hul familie in die dorpe en stede van Juda. In hul gedagtes sien hulle hoe die Assiriërs die deure ooptrap en mense buite toe sleep. Hulle hoor die bang gehuil van kinders en sien hoe gewetenlose soldate onverskillig weer 'n fakkel na 'n huis

gooi. Die mense is magteloos. Hier in Jerusalem is hulle vir eers veilig, maar daar was nie 'n manier hoe hulle die ander mense sou kon help nie. Dit is vooraf geprofeteer. Dalk het hulle dit ook vir mekaar gesê : "Jesaja en Miga het dit voorspel ". Miga het selfs die stadjies op hulle name genoem: Gat, Afra, Safir, Saanan, Bet-Haësel en nog vele meer. Dit was voorspel, maar dit bied nou geen troos nie. Nou weet hulle hoekom dit gebeur: Vanweë ons afgodery en uiterste onreg waaraan ons almal deelgeneem het, met die leiers voorop.

Agteraf weet ons dat die Here vir Jerusalem in sy groot genade gespaar het (2 Konings 19). In een nag is die gewetenlose leër van Assur vernietig. 185000 manne is gedood, wat almal begrawe moes word op Judese bodem. Dit is 'n wonder. Intussen was die platteland van Judea vernietig. Eintlik is dit nie eerlik nie, want die sonde het in Jerusalem begin en tog is dit gespaar. In Jerusalem kon die lewe gewoon aangaan, met die kans om juis welvarend te word, omdat alle kompetisie in die omgewing verdwyn het.

Het hulle daardie tyd ook gedink aan 'n ander profesie van Miga oor Betlehem? Hierdie stadjie was op dieselfde roete van die Assiriërs. Die stadjie het nie baie beteken nie, ook al was dit waar die koningshuis vandaan gekom het. Na hierdie verwoesting sal dit nog verder op die

**Hulle wat God ken sal nederig wees; hulle wat hulself ken kan nie hoogmoedig wees nie.**

- J Flavel

agtergrond kom. Dalk het hulle in Jerusalem saam nagedink oor Miga se woorde: *"En jy, Betlehem-Efrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan een wat 'n Heerser in Israel sal wees; en sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid!"* (Miga 5:1). Ja mense, dit lei tot nadenke! Sal hierdie verwoeste stadjie Betlehem weer 'n koning bied? Die paleis is dan al eeue lank in Jerusalem! Al lewe ons nie meer in Salomo se glorieryke dae nie, word daar tog nie verwag om weer van vooraf te begin nie? Of wag daar vir Jerusalem dalk swaar tye, selfs swaarder as wat ons nou beleef?

Ja, en dan die grootste verrassing. Die heerser uit Betlehem - sy oorsprong lê baie vêr terug in die grys verlede.

*Sy oorsprong?* Hiervoor word 'n seldsame woord gebruik, wat nou verbonde is met die woord 'uitgang' en dit kan op verskillende maniere gebruik word: onder andere by water wat opwel uit 'n bron, by woorde wat gepraat word, by die lewering van perde uit Egipte en ook by die uitgange van die tempel.

So iets sal dit dan ook hier in Miga 5 beteken: iets te doen met oorsprong of bron. Sy uitgange (meervoud) lê ver terug, in die grys verlede.

Waarvandaan kom die heerser? Uit Betlehem,

verseker, maar eintlik al vanuit die grys verlede. Die meervoud kan daarop wys, dat Hy in die verlede al meer kere hom bekend gemaak het. Was Hy dalk die besondere engel van Jahwe wat Hom meerdere kere bekend gemaak het?

**Dit sê baie, dat God al eeue gelede planne gehad het met die Koning ter wille van ons.**

Uitgange: 'n vae begrip. Of Hy ooit geskape of gebore is of selfs altyd daar was, word deur hierdie vae begrip nie duidelik gemaak nie. Wat wel duidelik is, is dat hierdie Koning lankal bestaan en nie 'n gewone mens is nie. Dit sê baie, dat God al eeue gelede planne gehad het met die Koning ter wille van ons.

Inmiddels weet ons meer van die Koning, ook van sy Heilige Gees, wat al uit die verre verlede daarop wag om ons hart te kan vervul. As Vader, Seun en Gees in die ewigheid al oor my redding gepraat het, hoekom kla ek dan nog so dikwels oor my moeites van vandag?

*Jesus het hulle geantwoord: "Dit verseker Ek julle: Voordat Abraham gebore is, was Ek al wat Ek is".* *Johannes 8: 58*

Die mens is nie besig om te vorder op 'n pad vanaf animisme, deur fetisjisme, totemisme, politeïsme en monoteïsme tot kennis van God nie. Hy het met die kennis van God begin, en is sedertdien op die teenoorgestelde pad.

Vance Havner

**Dit is sigbaar dat God is; dit is onsigbaar presies wie Hy is.**

- Stephen Chamock

# AAN WIE BEHOORT JY?

*CJ de Ruijter*

‘Aan wie behoort jy?’ Dit is een vraag wat ’n mens byna nooit stel nie.

‘Wie is jy?’ Dit is ’n vraag wat ons seker al ’n honderd keer gevra het. Maar aan wie behoort jy? Nee, dit is nie iets wat ’n mens sommer sal vra nie. So ’n vraag klink amper asof jy nie vryheid het nie. Asof iemand anders bepaal wie en wat jy is. Dit is mos iets waarvoor ’n mens graag self beheer wil hê. Nie waar nie? As iemand anders jou lewe beheers, is jou vryheid daarmee heen. Hoe vry is jy nog werklik as jy aan iemand anders behoort? Tog is daar mense wat weet dat dit moontlik is. As jy hulle vra aan wie hulle behoort, dan sê hulle: “Ek behoort aan Jesus Christus. Hy is die Heer van my lewe.”

Hoe vry is jy as jy aan iemand anders behoort? Dit is ’n vraag wat ook dikwels in die kerk opduik. Gee my my vryheid. Dit is ’n verlange wat ek ook vanuit my eie hart ken: Om vry te wees.

## **Ek wil vry wees**

Aan wie behoort jy? Ek vra dit vir ’n man wat op reis gaan. Hy het al sy goed ingepak. Hy trek die wêreld in. “Aan wie behoort ek? Aan niemand nie. Dink jy ek gaan toelaat dat iemand my vashou? Ek het vir my pa gesê: gee vir my my deel. Ek gaan weg. Ek wil vry wees. Ek behoort aan niemand nie. Ek is my eie mens.”

Ek volg die man. Dit lyk inderdaad so. Watter vryheid! Hy doen wat hy wil.

Maar tog kom daar ’n oomblik dat dinge verander. Sy oë gaan oop. “Eintlik is ek ’n slaaf! Ek het agter myself aangehardloop. Maar as ek net aan myself wil behoort, dan loop ek my vas.”

Ek het hierdie verlore seun al dikwels raakgeloop. Ook verlore dogters. Mense wat graag hulle eie gang wil gaan. Ongebonde, niks hou hulle vas nie. Soms loop dinge vir ’n hele tydjie reg.

Maar daar kom ’n tyd dat jou oë oopgaan. Want ek is ’n slaaf. ’n Slaaf van wat ek self wil hê. Slaaf van my werk, slaaf van my geld. Slaaf van my plesier, slaaf van my seksualiteit. Slaaf van my voorkoms, slaaf van my mag.

Alles dinge wat ek wou gehad het. Maar was ek vry? Nee.



## **Ek is gevange**

Aan wie behoort jy, vra jy? Die antwoord is: ek is ’n gevangene. Vas. Hoe vas is jy nie as jy aan jouself behoort nie! Want jy behoort terselfdertyd aan die duiwel.

En in ’n duisend gedaantes sê hy: jy behoort aan my. Jy is my slaaf. Op ’n duisend maniere vermom hy sy slawerny. Maar dit is slawerny. Daar is ’n oomblik wanneer dit duidelik word.

**Wie God is en het, is en het Hy om goed te doen aan Sy hele volk.**

**- William S Plumer**



Slawerny het immers te make met vrees vir die dood (Hebreeers 2:15).

Waarom? Wel, God het nie die dood in die wêreld ingebring nie. Dit was die werk van die duiwel. Maar daarom is dit die oomblik wanneer alles duidelik word. Want hy het mag oor die dood. Daar is hy baas.

Hoe knel die vraag nie in so 'n tyd van vrees nie: aan wie behoort jy? Aan jouself?

Hoe alleen staan jy dan!

### Werklik vry

Maar waarom sou jy alleen staan? Daar is 'n Here wat magtiger is as almal. Ja, Hy is ook 'n Eienaar. Hy sê ook: jy behoort aan My. Maar jy kan tog seker die verskil hoor? As Hy dit sê, dan klop die hart van God daarin.

Ander eienaars hou jou aan 'n ketting. Hulle breek jou met wat hulle van jou eis. En uiteindelik bly jy staan met leë hande. 'n Verlore seun. Alleen op die slawemark.

Maar Christus het na die slawemark toe gekom. En Hy het gesê: maak die verlore seun se kettings los. Maak My maar daarmee vas.

Het jy al ooit so 'n Heer gesien? Ander eienaars vat net. Hierdie Heer gee. Hy gee Homself.

As Hy sê: jy behoort aan My, dan klink dit soos die stem van die bruidegom.

Aan wie behoort jy? Ag, is dit nog 'n vraag vir iemand wat hierdie Heer leer ken het?

Dan lewe jy tog nie meer vir jouself nie? Niemand van ons lewe vir homself nie.

Maar dan sterf jy ook nie meer vir jouself nie. As ons lewe, dan is dit vir die Here. As ons sterwe, is dit vir die Here. Of ons dan lewe en of ons dan sterwe, ons behoort aan die Here.

Geen slawe nie, maar vry in Christus. Kyk, dit is

ware vryheid!

### Ons Here

So 'n verlange vir vryheid het ek altyd nog geken. Maar dit het my op die slawemark laat beland. Ek het dit net nie geweet nie. Ek het dit eers besef toe Hy daar by die slawemark aangekom het. Hy het my uitgekies. Hy het my kettings losgemaak. Hy het gesê: nou is jy myne.

Daar het my egte vryheid begin. Ek het gevoel wat dit beteken. Ek het dit gevoel wanneer ek die duiwel teenkom. Hy het vir my gesê: man, wees tog vry. Vat jou deel. Moenie dat iemand jou

**Het jy al ooit so 'n Heer gesien?  
Ander eienaars vat net. Hierdie  
Heer gee. Hy gee Homself.**

vashou nie.

Maar ek kan sy verleiding hanteer as Christus by my is. Dan sê ek net: ek behoort aan Christus. Hy is die Here van my lewe.

En dan voel ek wat vryheid is. Watter vryheid is dit nie as 'n mens krag ontvang om die goeie lewe te kies nie!

Nie dat dit altyd goed gaan nie. Soms loop dinge skeef. Dan beland ek in die strik van die slawedrywer. Maar ek sien dit raak: dit is die ketting wat my weer vashou, my verneder en alleen laat.

Maar Goddank, ek bly nie alleen nie. Want My Heer waak oor my.

Aan wie behoort jy? Moeilike vraag?

Wie is Hy vir jou? Dit is die beslissende saak. En met hierdie vraag kom Hy reguit na jou toe: Wie sê jy is Ek? Daar is een antwoord wat ons lewens red. Veilig by God.

Hy is ons Here.

**Die hande van die onregverdige kan nie een oomblik draai voordat God hom toelaat nie, en dit kan nie een oomblik aanhou draai as God hom laat ophou nie.**

- J.C. Ryle

# KERSFEES EN SENDING

MC Mulder

In die tyd voor Kersfees is mense dikwels meer geneë om oor die blye boodskap te praat. Kersfees word wyd gevier. Mense wat nie (meer) gewoon is om kerk toe te gaan nie, woon soms (nog) 'n Kersdiens by. Die kerk moet attent wees op deure wat só oopgaan. Laat ons ons ore en oë oophou op die geleenthede te sien en dit reg te gebruik.

## Waar begin sending wees?

Dit is opmerklik dat die gedagte dat óns missionêr moet wees (sendinggerig moet wees) nie in die Bybel voorop staan nie. Dit is immers God sêlf wat eerste missionêr was. Ons kan net missionêr word omdat God missionêr is.

Die vraag is of ons behoorlik besef wat dit beteken. Jesus het vir sy dissipels gesê “Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook” (Joh. 20:21). Die sending begin dus by God, nie by my of by die kerk nie. Die sending het nie begin toe die kerk daarmee begin het, of selfs toe die Heilige Gees uitgestort is en van mense getuies gemaak het nie. Die sending het begin in die hart van die Vader wat sy Seun gestuur het om die wêreld te red. Daarin sien ons die bewoënheid van die Vader; die beweging wat daar in sy hart is, en die beweging wat van Hom af uitgaan.

Ons sien dieselfde beweging in sy sending van

sy Gees. Die sending van sy Gees werk volkome saam met die sending van sy Seun. Die Gees word gestuur om plek te maak vir die Seun in die wêreld. Eerstens in die maagd Maria, waar die seun ontvang word deur die Heilige Gees.

Daarna in die wêreld waar die Gees die wegbereider is vir die Seun en Hom toerus vir sy werk.

Vandag nog sien ons hierdie bewoënheid, die beweging van God, wanneer die Gees in die harte van

mense plek maak vir die Seun van God. Dit is steeds dieselfde beweging wat van God uitgaan. 'n Sending, 'n missionêre beweging wat in die hart van die Vader begin en op die wêreld gerig is en bly.

## Om Hom in sy beweging te volg

In Advent (die tyd voor Kersfees) gedenk ons die sending van die Seun van God na hierdie wêreld. Die koms van die Seun maak die beweging van God sigbaar. Dit is mooi om te hoor hoe Jesus vir sy dissipels uitlê dat die beweging nie opgehou het toe Hy gebore is nie. Soos die Vader Hom in die wêreld gestuur het, so stuur Hy sy dissipels om dieselfde liefde van God in die wêreld bekend te maak.

In die Advent- en Kerstyd word dit duidelik dat die liefde van God nie beperk kan wees tot iets wat ons binne die kerk vir onself hou nie. Die



**Soos 'n skoenmaker skoene maak, en 'n kleremaker klere, so moet 'n christen bid. Dit is sy ambag.**

- M Luther

manier waarop ons Kersfees vier mag mense miskien so 'n indruk gee. Juis in die weke voor Kersfees lyk dit asof mense wat alleen is, hulle eensaamheid nog sterker voel. Juis by Kersfees kan ons die neiging toon om die gordyne toe te trek en ons knussies tuis te maak, ook in die kerk. Die Bybel wys ons by Advent en Kerstyd 'n teenoorgestelde rigting aan. Nie 'n beweging na binne nie, maar 'n beweging na buite.

## Sending het begin in die hart van die Vader wat sy Seun gestuur het...

Ons kan die sending van God se Seun in die vlees net reg gedenk as ons ons ook laat meeneem in dieselfde sending waarmee God nog steeds die wêreld opsoek. In die sending van God se Seun het God eerstens Israel, en dan ook al die volkere in die oog. Elkeen wat deur hierdie sending van God geraak word, word dadelik geroep om aan dieselfde sending deel te neem — om hom in Gó d se sending te laat gebruik.

### Die beweging van God duur voort

Die Vader was die bron van die liefde en van die sending, en Hy is dit steeds. Hy is daar, waar en wanneer ons oor die sending van Jesus na hierdie aarde praat. Dieselfde oop bron toe Jesus na die aarde gekom het, is vandag oop as ons van sy liefde getuig. Dit gee ons vrymoedigheid vir die getuienis waarin ons sy liefde wil laat sien. Dit kan ook die opening gee vir so 'n getuienis in 'n gesprek of 'n ontmoeting. Om missionêr te wees, begin in die gewone daaglikse kontak met mense wat God nog nie ken nie. Wanneer jy oor die liefde wat van God uitgaan, praat, word jy metterdaad deel van die beweging wat nog steeds van God uitgaan. Om

missionêr te wees, is niks anders nie as om jou te laat meeneem in dieselfde sending wat van God uitgegaan het toe Jesus gekom het, en wat vandag steeds voortgaan. So sê Jesus dan vir die Vader: *“Want die woorde wat U My gegee het, het Ek aan hulle gegee; en hulle het dit ontvang en waarlik erken dat Ek van U uitgegaan het, en hulle het geglo dat U My gestuur het”* (Johannes 17:18).

Die Vader en die Seun staan agter my wanneer ek as sy dissipel oor Hom praat. Bowendien beloof Jesus in sy afskeidswoorde aan sy dissipels dat die Heilige Gees hulle in die sending sal lei. (*“Maar as die Trooster gekom het wat Ek vir julle van die Vader sal stuur, die Gees van die waarheid wat van die Vader uitgaan, sal Hy van My getuig. En julle getuig ook, omdat julle van die begin af met My is”*) (Johannes 15:26, 27). Dit gee vrymoedigheid én krag aan dissipels en hulle woorde. Soos die Vader voortdurend agter sy Seun gestaan het, so staan Hy ook voortdurend agter hulle wat van sy Seun getuig. Ons doen dit nie in eie krag nie.

### Beweeg oor die drumpel, omdat Hy jou voor is

Wanneer jy bid dat God die deure vir sy Woord sal open by mense rondom ons, help dit om te beseef dat Hy jou vóór is. Uit my gesprekke met mense is dit my oortuiging dat jy hieroor bewustelik moet nadink en daarvoor bid. Jy kan dit doen met die vaste wete dat jy nie vra of doen wat jy self bedink het nie, maar jou wil laat gebruik in die werk wat God lankal reeds begin het.

Dit is dikwels moeilik om die drumpel van die oop deur oor te gaan. Wie beseef dat hy met 'n opdrag besig is, kan homself met hierdie gedagte verder help; soms is dit goed dat ander jou daarby help. Wanneer jy die drumpel oor is, is dit die ervaring

**Wie met vrees en weghardloop en vlug tevrede is, het die roeping wat van bo kom, nog nie verstaan nie.**

- K Schilder



van baie dat God jou regtig voor was. So besef ons ook dat ons nie die eerste is wat met sending kan begin nie. Ons kan God maar net daarin volg.

Dit gee weereens die vrymoedigheid vir 'n gesprek, vir ons benadering daarin en vir ons

gebed. Om God só te volg, is ook 'n opdrag. Wanneer God se werk so onverpoosd voortgaan en Hy ons daarin wil gebruik, plaas dit 'n groot verantwoordelikheid op ons skouers. Ons moet nadink oor die manier waarop ons ons laat gebruik in God se missionêre werk.

## OM GOD TE KEN IS DIE LEWE

*B van Zijlekom*



'Nie die leer nie, maar die Heer'. Hierdie stelling klink bekend uit die kerkgeskiedenis. Ons hoor 'n teësin in die leer. Dit klink asof die diens van die HERE en lering twee verskillende dinge is wat maar weinig met mekaar te doen het. Daar word 'n teenstelling gesuggereer. Is dit tereg so? Hoe dien ons die HERE? Hoe gaan ons met die gereformeerde leer om? In hierdie artikel wil ons oor dié vrae handel.

### **Verskillende gebruike**

Die stelling '*nie die leer nie, maar die Heer*' kan op verskillende maniere gebruik word. Jy kan daarmee ruimte soek vir leervryheid en vrysinnigheid. Dan sê jy dat kerklike gebondenheid aan die leer vir jou beperkend is. In die ekumeniese beweging hoor ons: '*Die leer skei, maar die Heer verenig*'. Al die belydenisse,

al die meningsverskille tussen Christene lei dan weg van die kern waaroor dit in die kerk behoort te gaan: die Here dien en die naaste liefhê. Ons moet tog asseblief insien dat ons almal dieselfde God het ...

Deur mense wat die lewe in die kerk al te teoreties vind, word die uitspraak op 'n ander manier gebruik. Die preke is te dogmaties en daar is te min aandag vir groei in 'n lewende geloof. Dink maar aan al die Christene wat hieroor die kerk verlaat het. Hulle pleit nie vir leervryheid nie, maar vir 'n minder dogmatiese atmosfeer en meer nadruk op lewende omgang met die HERE.

### **'n Teenstelling?**

Is dit dan reg om 'n teenstelling tussen die Heer en die leer te veronderstel? Ek dink dat daar op hierdie vraag 'n tweeledige antwoord nodig is. In die eerste plek is die antwoord: nee. Wie die HERE dien, wil die HERE ook ken. Dit beteken dat jy onder woorde moet bring wie die HERE is. Jy neem nie genoeg met 'n paar geloofsuitsprake soos: "God is liefde" en "Ons het die opdrag tot naasteliefde" nie. Jy gaan ook in die Bybel soek wie die HERE is, wat Hy met

**'n Geheiligde hart in 'n predikant is baie belangriker as 'n silwer tong.**

- William Grimshaw

sy skepping van plan is en wat jou plek daarin is. Wanneer jy jou teen vrae vasloop soos: “wat is die plek van God in lyding?” stimuleer dit jou tot nadere studie, en dan *is* jy besig met belydenis, met die formulering van leer!

Daar moet in dié antwoord ewewel ook iets anders gesê word, want die leer kan in die praktyk verabsoluteer word. ‘As die goeie leer maar gehandhaaf word ...’. ‘As daar maar net nie verkeerde dinge gesê word nie ...’. Die gemeente hoor ‘dogmatiese’ preke, maar in die gemeente is dit ’n lewelose spul en die onderlinge verhoudinge is vol sonde. Word die leer dan nog inderdaad suiwer gehandhaaf ... ?

**Wanneer God Hom laat ken, klink daar nie kil waarhede nie, maar verklaar Hy sy liefde aan ons.**

Nou wat is die gesonde weg vir so ’n situasie? In elk geval nie dat iemand dit nou omdraai en sê: ‘Nie die leer nie, maar die Heer’. Dit is ’n verkeerde teenstelling wat alles net weer laat skeefloop in die ander rigting.

### Om God te ken

In die praktyk kan daar ’n teenstelling tussen die diens van die Heer en die leer groei. Sê die Woord van God hoe ons hiermee moet omgaan? Ek wil dit ondersoek aan die hand van die wyse waarop in die Bybel oor ‘kennis’ en ‘God ken’ gepraat word. Hoe belangrik is kennis? Wat is die aard van kennis? Is dit hoofsaaklik verstandelik? Ons bekyk twee tekste, Hoséa 4:6 en Johannes 17:3 van nader.

Hoséa 4:6 - “*My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis*”. In Hoséa 4 kla die HERE die priesters aan. Hulle taak was om die volk te leer wie die HERE is (Levitikus 10:10-11;

Esegiël 44:23). Die onderrig in die wet beteken nie alleen om die wet te leer nie, maar ook die grote daade van die HERE, om daarmee die HERE self te leer ken. Mens ken die lewende God uit sy daade. Uit Hoséa 2 kan ons aflei dat dit in die tyd van Hoséa heel prakties beteken het dat die priesters die volk moet leer wat die verskil tussen Jahwe en Baäl is. Die priester moes leer: weet julle dat die HERE julle gaan straf omdat julle agter Baäl aanloop? Baäl is ’n afgod. Hoe kry julle dit in jul kop om van hom reën, vrugbaarheid en welvaart te verwag? Tog sal die HERE julle terugbring en die verbond hernu.

Dit was die onderrig wat die priesters aan die volk moes gee. Die priester het dit nagelaat. Wanneer Hoséa dus skryf dat die volk weens ’n gebrek aan kennis ten gronde gaan, gaan dit nie oor feitekennis of teorie nie. Dit gaan om ’n keuse vir die HERE en die lewe met Hom deur trou, liefde en kennis (Hoséa 4:1). Die kanttekening by die Statevertaling sê by die woord kennis: ‘egte, ware en saligmakende kennis van God, gerig op sy Woord, tesame met geloof en liefde tot God en die naaste’.

Kennis is dus nie bedoel as enkel net verstandelike, teoretiese leer nie. Ons ontdek dit ook in Johannes 17. Jesus bid in sy hoëpriesterlike gebed vir ons: “*En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken*” (vs. 3). Ook hier gaan dit nie net oor kennis in die sin van die teoretiese kennis van ’n reeks waarhede nie. Wanneer God Hom laat ken, klink daar nie kil waarhede nie, maar lê Hy sy hand op ons, Hy verklaar aan ons sy liefde, Hy maak aanspraak op ons liefde en ons hart. Só kom die ware kennis van God tot stand; dit is ’n kennis van die hart, dit gaan gepaard met vertroue en gevoel en die lus om die gebod van God te onderhou. Dit is die kennis waarvan Jesus voor sy gevangeneeming, veroordeling en kruisdood gepraat het. Om God

**Evangelisasie wat nie lei tot groei in die gesonde leer nie, is net so verkeerd soos regsinnige Christen wie se gesonde geloof nie lei tot ’n omgee en gesprek met hulle wat verlore is nie.**

- Francis Schaeffer

te ken, beteken om sy liefde en sy welwillendheid na jouself te sien kom. Kennis van God doen iets met jou. In sy gebed bedoel Jesus: om God te ken, is ware lewe; die lewe wat Jesus vir ons voorgeleef het, waarin die liefde vir die HERE voorop is.

Die slotsom is dat kennis in die Bybelse sin nie op verstandelike werk en waarhede dui nie. Wanneer die Bybel praat van ken/kennis van God, gaan dit oor met die HERE lewe, Hom liefhê en vertrou; lewende omgang met Hom wat óns liefhet. Daarin leer ons die HERE, die lewende God, ken. Sodat ons dit kan leer, het die HERE 'n lewende getuie, waarin ons sy stem hoor en sy soekende liefde ervaar, gegee.

Hierdie slotsom het ook gevolge vir die manier waarop ons met ons belydenisse omgaan. Dit is dokumente waarin die kerk haar lewende kennis van die HERE verwoord het. Geloof, ontsag, verwondering, ootmoed en verwagting klink daarin op.

Dit klink ook op in die manier waarop ons daarmee omgaan.

### Hoof, hart en hande

Dat om God te ken meer is as iets verstandeliks, het te doen met die manier waarop die HERE ons maak het. Hy het ons met 'n verstand geskep, maar ook met gevoel, met 'n volledige liggaam. Hy het ons dus maak met *hoof, hart en hande*. Ons kry hierdie drieledigheid in Psalm 78:7. Die Psalm sing, onder meer, van geloofsopvoeding. Die doel van die leer van die geloofswaarhede van geslag tot geslag, word in vs. 6 en 7 só gestel: “sodat die volgende geslag

*dit kan weet, die kinders wat gebore word, dat hulle kan opstaan en vertel aan hulle kinders, en hulle vertrou op God kan stel en die dade van God nie vergeet nie, maar sy gebooi kan bewaar!*“. Nie vergeet nie (*hoof*), vertrou (*hart*) en gebooi bewaar (*hande*). Geloof is 'n saak waarby die hele mens betrek word.

Ons vind dit dan ook in die gereformeerde belydenis. In die Heidelbergse kategismus, Sondag 3, V&A 6 word 'n beskrywing gegee van die mens as beeld van God:

*“God het die mens goed en na sy ewebeeld geskep. Dit beteken: in ware geregtigheid en heiligheid, sodat hy God sy skepper reg kon ken,*

*Hom van harte kon liefhê en saam met Hom in die ewige saligheid kon lewe om Hom te loof en te prys*”. Om God se beeld te wees, beteken nie dat ons soos God lyk nie; wel dat ons God op aarde verteenwoordig. Die Kategismus gee dit met twee woorde aan: geregtigheid en heiligheid. Geskape in ware

geregtigheid beteken dat jy goed aanvoel wat God wil. Geskape in heiligheid beteken dat jy by God pas: jy is nie net op hoogte van die wil van God nie, jy is daarbenewens van harte bereid op die wil van God te doen. Deur die sondeval het daar van hierdie skitterende vermoëns in ons lewe maar min oorgebly. Die opdrag bly egter staan.

Ons moet dus op aarde, as beeld van God, sy doel met die lewe en die skepping, uitvoer. Om dit te kan doen, moet ons die HERE in waarheid ken en Hom van harte liefhê. Ons moet Hom eer in al ons doen en late. Hier hoor ons dit weer: hoof en hart en hande. Al die aspekte van ons



**Die gelowige wat sy eie hart ken, sal God ewig dank vir sy verkiesing.**

- J.C. Ryle

menswees word betrek om die HERE te dien en Hom op die aarde te verteenwoordig.

Wat die Kategismus beskryf as die doel van ons lewe, vind ons in die Woord van God. Dink aan die Psalms, by uitstek die boek vol van geloofsbeleving. Ek noem een voorbeeld van 'n Psalm waar die 'wet' van God besing word. Onder 'wet' moet ons dan verstaan: sy Woord. Die Psalmdigter bedoel meer as net die wette, die voorskrifte van die Here. Dit gaan oor die Thora, die hele openbaring van God. God verkwik die siel—jy word daarmee verfris. Dit is 'n begeerlike besit in jou lewe, 'n lekkerny (Psalm 19: 8, 11) – veel meer as teoretiese kennis. Dink aan die Psalms waarin die skepping van God besing word. Daarin gaan dit oor sy almag en sy wysheid en dit loop daarop uit dat die heerlijkheid van God besing word (Psalm 8; Psalm 104).

In die Nuwe Testament sien ons dieselfde: Geloof is anders as om waarhede verstandelik te verwerk. Toe Jesus vir die Emmaüsgangers die Skrifte uitgelê het, was hulle harte brandende in hulle (Lukas 24:32). Van Lidia, die purperverkoopster word geskryf dat sy na die Woord geluister het, en “*die Here het haar hart geopen*” (Handelinge 16:14). In Romeine 1:5 skryf Paulus dat hy apostel is om geloofsgehoorsaamheid te bewerk. Hy is nie uit op verstandelike reaksie nie, maar op gehoorsaamheid by die mense vir wie hy van Christus vertel. Hulle gaan ook hande uit die mou steek. In Efesiërs 3:12 skryf Paulus dat die Christene die HERE soek, “*met vertroue deur die geloof in Christus*”. Geloof gaan met vertroue gepaard.

Uiteindelik wys al hierdie gegewens terug na die

gebod van Christus: “*Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand*” (Matthéüs 22:37).

## Verbond

Só het God ons gemaak, met soveel moontlikhede dat mens jou daarvoor verwonder. Terselfdertyd is hierdie moontlikhede in die Woord van God 'n opdrag. God het ons na sy beeld geskep om werklik vir Hom te lewe. Hy laat ons kies. Dit is nie 'n vrye keuse nie. Ons opdrag is ingebed in 'n verbond waarin die HERE Homself gee, en van ons eis om ons lewe aan Hom te gee. “*Loof die HERE, o my siel, en alles wat binne-in my is, sy heilige Naam!*” (Psalm 103:1).

**Die lewe met die HERE is allesomvattend. Dit omvat veel meer as 'goed voel by die Here'.**

Die lewe met die HERE is allesomvattend. Dit omvat veel meer as 'goed voel by die Here'. Dit omvat ook veel meer as om enkele teoretiese waarhede aan te neem. Deur ons sonde is ons beperk in ons diens van die HERE. Is ons te teoreties? Speel gevoel 'n té groot rol? Goeie vrae vir 'n bespreking. Ons hoef mekaar nie daarin te veroordeel en af te wys nie. Dit gaan immers daarvoor dat ons deur die liefde mekaar help om die lewe vol te maak. Dan sal ons “*in staat kan wees om saam met al die heiliges ten volle te begryp wat die breedte en lengte en diepte en hoogte is, en die liefde van Christus te ken wat die kennis oortref, sodat [ons] vervul kan word tot al die volheid van God*” (Efesiërs 3:18).

**Getalle of hoeveelhede kan nooit in ons lewe die slegte in goeie verander of dwaling in waarheid, nie.**